Formele Assessering

Taak 2 (a)

Naam en van: **GR.8E__**

AFRIKAANS GRAAD 8 EAT

KREATIEWE TEKS: VERHALENDE OPSTEL

Eksaminator: M. Swanepoel **Tyd: 1 UUR**
Moderators: C. van Niekerk en L. Nagel **20 PUNTE**

+1 oriënteringsperiode: Verduidelik metode en verwagtinge van opdrag.

Lees die volgende instruksies versigtig deur:

1. **Lees die opdrag baie versigtig deur.**
2. **Dit sal tot jou voordeel wees om netjies en leesbaar te skryf.**
3. **Skryf in die taal wat geassesseer word.**
4. **Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die redigeringspoging as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.**
5. **Gebruik asseblief 'n blou pen en redigeer jou foute met 'n kleurpen.**
6. **Trek 'n potloodlyn aan die regterkant van die bladsy en moenie daarin skryf nie.**
7. **Jy moet 'n beplanning, eerste poging en finale poging skryf. Daar moet 'n bewys van redigering op jou eerste poging wees.**
8. **Tel en skryf jou woorde neer aan die einde van elke weergawe.**

OPDRAG

Iemand het reeds begin om 'n verhalende opstel te beplan. Voltooi die beplanning deur een opsie in elke tabel te kies en skryf 'n verhalende opstel van 180-210 woorde (5 paragrawe) vir 'n punt uit 20. Skryf die opstel in die eerstepersoonsverteller. Maak seker jou opstel het 'n titel.

Juffrou Marietjie Swanepoel

Inleiding:

Paragraaf 1:Attention grabber: Iets wat jou aandag dadelik vang. Gebruik 2-3 sinne wat lei na jou EEN BELANGRIKSTE SIN wat jou hele opstel saamvat. Die EEN SIN sê vir die leser oor watter gebeurtenis of ervaring jou opstel gaan en hoekom dit belanglik is. MOENIE enige details van jou storie begin vertel nie.

Liggaam:

Begin elke paragraaf met 'n hoofgedagte. 'n Hoofgedagte is die een sin waaroor jou hele paragraaf gaan. Begin hierdie hoofgedagte met 'n oorgangswoorde (transition words) wat die volgorde van gebeurtenisse sal aandui en meer detail aan jou storie sal gee. (Eerste, Later, Toe, Tweede) Dit is in hierdie gedeelte waar jy jou storie vertel. Maak seker jou storie het 'n duidelike begin, middel en einde. Maak seker jy beskryf mense en plekke met lewendige details. Gebruik beeldspraak, maar moenie beskrywende woorde herhaal nie (sinonieme).		
Paragraaf 2	Paragraaf 3	Paragraaf 4

Slot:

Paragraaf 5: Samevatting Samevatting is NETSO belangrik soos die inleiding. Begin deur die belangrikheid van jou EEN BELANGRIKSTE SIN in inleiding weer te gebruik (nie woord vir woord nie). Som die basiese gebeurtenisse van jou storie op. Verduidelik wat nou eintlik die punt was van jou storie. Hoekom het jy dit vertel? Verduidelik hoe die ervaring of gebeurtenis 'n permanente effek op jou gehad het.

Juffrou Marelize Steenekoel

Begin hier:

Kies nou watter karakter jy is:

Sheldon Cooper (superheld)
Tekkies die driepoot hond
Tiani (is ontvoer deur iemand)
Dory (vergeetagtige persoon)

Kies nog ‘n karakter:

Dodo Evens
Mnr. Katastrofies
Tannie Elsa
Agent 007

Kies nou waar julle is:

Antartika
Maan
Towerbos
Donker vertrek

Kies nou wanneer julle is:

Middernag
1 April
Kersdag
Tydreis (Time travel)

Kies nou hoekom julle daar is:

‘n Agent het ‘n beperkte tyd om ‘n fortuin te verloor. Die agent se probleem word opgelos deur ‘n ontmoeting.
‘n Sluipmoordenaar werk saam met ‘n bose onderwyser. Die storie eindig met ‘n karongeluk.
‘n Skoolmeisie kruis paaie met ‘n nare ontvangsdame.
‘n Ou tannie het 24 uur om ‘n teenmiddel te kry vir ‘n dodelike virus.

Juffrou Marelize Swanepoel